PROMOSIE-ARTIKEL

FEEDTEK

# Ekonomiese proteïenaanvulling met Feedtek Econograzer 213

Deur: Ewie Coetzee (Pr.Sci.Nat, Feedtek)

Die konsep van proteïenaanvulling vir weidende vee gedurende die droë seisoen speel 'n integale rol in die suksesvolle benutting van weiding en gevolglik die winsgewendheid van veeproduksie.

## Proteïeninhoud van veld

Dit is alombekend dat natuurlike grasveld-weiding jaarliks deur 'n siklus gaan wat behels dat die plant saad produseer aan die einde van die reënseisoen, waarna dit proteïen uit die blare en stam na die wortelstelsel verskuif vir oorlewing gedurende die droë seisoen. Die proteïeninhoud van die beweibare gedeelte van die plant daal gevolglik van gemiddeld 8 tot 12%, na so laag as 3 tot 4%. Herkouers het ten minste 6 tot 7% proteïen nodig om aan die behoeftes van die rumenmikrobes te voldoen.

Sodra die proteïenvlak verder daal, verminder die getalle van die rumenmikrobes drasties, wat beteken dat veselvertering deur die mikrobes ook ooreenstemmend vinnig afneem. Hierdie daling in vertering gaan gepaard met 'n skerp styging in die veselinhoud van die plant, wat dus die situasie vererger. Die gevolg is dat vrywillige inname van gras dus ook drasties afneem. Die gasheerdier verkry sy proteïen uit die vertering van die mikrobes, dus lei hierdie daling tot 'n verlies aan liggaamsmassa en kondisie aangesien die dier sy reserwes begin benut vir oorlewing.

## Proteïen vir mikrobes

Daar is reeds baie jare gelede vasgestel dat die rumenmikrobes nieproteïenstikstof (NPN) kan omskakel na liggaamsproteïene. Dit sluit produkte soos ureum en ammoniumsoute in. Baanbrekerswerk in die jare sestig deur een van die vaders van die veevoerbedryf, dr. Barney van Niekerk, het die voordele van NPN-aanvulling vir vee gedurende die droë seisoen duidelik uitgewys. Aanvulling van NPN het tot 'n drastiese verhoging in inname van droë veld gelei, wat weer verbeterde kondisie en vrugbaarheid tot gevolg gehad het. Hierdie navorsing het tot die proteïenlekbedryf gelei wat vandag algemeen toegepas word.



## Ingeligte besluite

Boere het 'n baie wye keuse as dit kom by die aankoop van proteïenlekkonsentrate (die sout en energie word gewoonlik afsonderlik bygemeng). Die vraag ontstaan dus watter inligting 'n boer kan gebruik wanneer 'n besluit geneem moet word. Aangesien proteïen (in die vorm van NPN) die vernaamste voedingstof is wat deur hierdie lekkonsentrate voorsien word, en alle minerale en spoor-minerale in verhouding tot die proteïen ingesluit word, is die koste per eenheid proteïen 'n baie goeie maatstaf om hierdie produkte met mekaar te vergelyk. Indien 'n lekkonsentraat 50% proteïen bevat en R5000 per ton kos, is die koste van die proteïen dus R100 per een persentasie-eenheid proteïen.

## Ekonomiese aanvulling

Die koste van die vervoer van goedere in Suid Afrika is baie hoog. Hoe meer gekonsentreerd voerprodukte is, hoe laer is die vervoerkoste per eenheid voedingstof. Met hierdie voordeel as basis is die hoogs gekonsentreerde reeks Feedtek-konsentrate ontwikkel. Die konsentrate bevat geen draers nie en die produkte se insluitingspeil is dus so laag as moontlik. Econograzer 213 (*Reg. Nr. V23496*), een van Feedtek se proteïenlekkonsentrate, bevat 'n proteïen-ekwivalent van 213%. Dit impliseer dat die mikrobes tot 2.13 kg proteïen uit 1 kg Econograzer kan vervaardig! Die koste van Econograzer 213 per eenheid proteïen is uiters ekonomies omrede die vervoerkoste so laag is. Vir elke 50 kg van 'n lekkonsentraat met 50% proteïen hoef die boer slegs 12 kg Econograzer 213 aan te koop. Hierdie produk stel alle veeboere dus in staat om die koste van proteïenaanvullings gedurende die droë seisoen so laag as moontlik te hou. Die produk is ook hoogs aanpasbaar en kan met 'n wye reeks plaaslik beskikbare grondstowwe gemeng word, wat verder bydra tot die kostedoeltreffendheid van die produk.

Vir voorbeelde van lekformulasies met Econograzer 213, besoek die Feedtek webtuiste by **www.feedtek.co.za**

